# Inhoudsopgawe


1. Hoe om hierdie studiewerkgids te gebruik 1

2. Agtergrond van die drama 2

3. Die bou van die drama 5

4. Karakters 7

5. Opsommings van die drama 8

6. Simbole 43

7. Kernaspekte van die drama 44

8. Glossarium 47

9. Konsepvraestel 49

10. Bibliografie 56

11. Moontlike antwoorde op vrae 57




Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 3 2015/11/09 3:13 PM

# 3. DIE BOU VAN DIE DRAMA

Die woord "drama" is 'n Griekse woord wat "handeling" (*action*) beteken. Wanneer ons 'n drama lees, is ons voortdurend bewus (*aware*) dat die storie nie vir ons vertel word soos in 'n roman nie, aangesien akteurs gewoonlik (*usually*) die storie vir ons voorstel. Die drama is 'n gekonsentreerde weergawe (*concentrated version*) van die verhaal.

Die drama het gewoonlik die volgende uiterlike bou: bedrywe (*acts*) en tonele (*scenes*). *Die laaste karretjiegraf* bestaan uit slegs een bedryf en sewe tonele.

'n Drama word egter ook in fases ingedeel. Die eerste fase van die drama is die **eksposisie** of **uiteensetting**. In hierdie fase word inligting aan die gehoor gegee. Die situasie word verduidelik en karakters word bekendgestel.

Die volgende fase is die **motoriese moment**. Die handeling (*action*) word aan die gang gesit (*started*) hierdeur. In hierdie drama het die motoriese moment, naamlik ouma Mieta se dood, reeds voor die aanvang (*start*) van die drama plaasgevind.

Ná die motoriese moment vind die **verwikkeling** (*complication*) plaas. Die gebeure word al hoe meer ingewikkeld (*complicated*) totdat die **klimaks** plaasvind. Die klimaks kan die hoogtepunt van die verhaal genoem word.

Hierna vind die **ontknoping** plaas. Die gebeure word ontknoop (*are unravelled*) en die probleme word opgelos.

Onthou dat nie alle dramas hierdie fases presies volg nie. In *Die laaste karretjiegraf* vind die motoriese moment reeds voor die begin van die drama plaas. Die eksposisie volg ná die motoriese moment.

Die drama bestaan uit sewe tonele. Drie van hierdie tonele is terugflitse, terwyl vier tonele in die hede (*present*) afspeel. Die handeling van hierdie drama vind plaas in 'n a-chronologiese volgorde. Dit beteken dat die tonele, gebeure en tyd rondspring tussen die hede en die verlede.

Die tonele kan as volg opgesom word:

Toneel 1: Die eksposisie. Die karakters word aan ons bekendgestel, eers deur hulle optrede en woorde, en daarna in Sarah se monoloog.

Toneel 2: Terugflits 1. Dit is deel van die verwikkeling. Koot kom uit die tronk en sien Pienkies is besig om die karretjie op te kap vir vuurmaakhout. Hierdie toneel eindig weer met 'n kort monoloog deur Sarah.

Toneel 3: Verwikkeling. Sarah het teruggekeer na Colesberg en gesels met Koot. Sarah vertel vir Koot van die kinders se speletjie.

Toneel 4: Verwikkeling. 'n Tweede terugflits. Rokkies maak vir haar 'n pop uit 'n stok en ou lappe. Outjie, haar tweelingbroer, kom speel saam en maak die pop dood soos wat sy pa hulle ma doodgemaak het.

Toneel 5: Verwikkeling. Sarah en Koot voer 'n gesprek wat meestal uit monoloë bestaan. Sarah vertel vir Koot wat met Donker, Toek-Toek se hond, gebeur het.

Toneel 6: Terugflits 3. Toek-Toek maak sy hond dood, want daar is nie kos vir hom nie.

Scene 1: The exposition. The characters are introduced to us, firstly through their conduct and words, and then in Sarah's monologue.

Scene 2: Flashback 1. This is part of the rising action. Koot is released from jail and discovers that Pienkies is chopping up the donkey cart for firewood. This scene again ends with a short monologue by Sarah.

Scene 3: Rising action. Sarah has returned to Colesberg and has a conversation with Koot. Sarah tells Koot about the children's game.

Scene 4: Rising action. A second flashback. Rokkies makes a doll with a stick and old pieces of fabric. Outjie, her twin brother, joins her and pretends to kill the doll like his father killed their mother.

Scene 5: Rising action. Sarah and Koot have a discussion that mostly consists of monologues. Sarah tells Koot what happened to Donker, Toek-Toek's dog.

Scene 6: Flashback 3. Toek-Toek kills his dog, because there is nothing for him to eat.



Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 5 2015/11/09 3:13 PM

## Vrae

**Lees die gedeelte wat op bl. 19 begin met "SARAH: Hierdie is Johanna Ackerman se graf" en op bl. 22 eindig met "Hierdie keer is hy wel tot tronkstraf gevonnis." Beantwoord dan die vrae.**

1. Vertel kortliks watter soort werk Sarah doen. (2) (Vlak 1)

2. Gee 'n opsomming van Koot se huwelike. (5) (Vlak 2)

3. Watter funksie het Sarah se monoloog? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4) (Vlak 3)

4. Wat dink jy daarvan dat Koot Geduld nie vir die moord op sy eerste vrou tronk toe gestuur is nie? Verduidelik jou antwoord. (2) (Vlak 4)

5. Waarom is Koot wel tronk toe gestuur vir die moord op sy tweede vrou? (2) (Vlak 3)


6. Die kontras tussen Sarah se manier van praat en dié van die ander karakters is betekenisvol (*meaningful*). Bespreek hierdie stelling. (4) (Vlak 5)



Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 15 2015/11/09 3:13 PM

7. Maak 'n lys van die verskille tussen Sarah en die karretjiemense. (2) (Vlak 3)

8. Aktiwiteit: Voltooi die volgende blokkiesraaisel met die name van die karakters.




**Dwars**
2. ouma
5. donkie nommer twee
7. hierdie broer is effens gestremd
9. donkie nommer een
12. die dogter
13. Koot se tweede vrou

**Af**
1. die tweelingbroer
3. die pa
4. die hond
6. die naam van die oudste broer
8. Koot se eerste vrou
10. Koot se derde "vrou"
11. die antropoloog



Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 16 2015/11/09 3:13 PM

# TONEEL 2

**'n Terugflits. Koot en Pienkies ontmoet mekaar na Koot se ontslag uit die tronk.**

## Opsomming: Uittreksel 4

Bladsy 22–24 (vanaf "Terugflits – Koot en Pienkies" tot by "Jy't my mos geleer hoe om 'n ander een van kant te maak . . .")

Hierdie toneel volg direk op Sarah se monoloog en nadat sy vertel het hoe Koot sy eerste en sy tweede vrou doodgemaak het.

Pienkies is besig om die donkiekar op te kap vir vuurmaakhout. Die donkiekar was hul enigste middel van vervoer na verskillende werke. Daarsonder kan hulle nie meer by die plase uitkom nie. Die opkap van die donkiekar is baie simbolies. Hy vernietig eintlik hulle leefstyl.

Koot het uit die tronk teruggekom. Sy ontmoeting met Pienkies wys dat hulle nie na aan mekaar is nie. Pienkies gaan nie na sy pa toe nie, maar gaan voort om die karretjie op te kap.

Pienkies verwyt sy pa wanneer hy ontsteld is oor die karretjie. Hy sê ouma Mieta is dood omdat hulle koud gekry het. Hulle het nie geld gehad vir kos nie en hulle het ook nie vuurmaakgoed gehad nie. Dit is eintlik Koot se skuld, want as Koot nie sy tweede vrou ook doodgemaak het nie, sou hulle steeds 'n broodwinner by hulle gehad het.

Pienkies vertel ook dat hulle die donkies verkoop het om kos te kon koop. Hulle het ook drank met die geld gekoop en dronk geword. Sy optrede wys dat die mense geestelik arm is. Die pa se slegte voorbeeld word deur sy kinders gevolg. Daar gaan nie 'n verandering kom nie, want die enigste plesier wat hulle ken, is om dronk te word.

Pienkies is baie bitter en amper sarkasties. Hy sê sy pa moet trots op hom wees, omdat hy vir die familie gesorg het terwyl hulle pa in die tronk was. Hulle moes op warm suikerwater oorleef, maar toe hy die donkies verkoop het, het hulle regte kos gehad om te eet.

Hy sing weer 'n liedjie. Dit lyk asof hy ongeërg is, maar eintlik is hy bitter.

Koot raak baie kwaad vir Pienkies, maar Pienkies is net so kwaad soos sy pa. Hy sê dan ook pertinent dat hy by sy pa geleer het hoe om iemand anders dood te maak.

This scene follows directly on Sarah's monologue and after she related how Koot had murdered both his first and second wives.

Pienkies is chopping up the donkey cart for firewood. The donkey cart was their only mode of transport to different jobs. Without it they will be unable to go to the farms. Chopping up the donkey cart is very symbolic. He is actually destroying their way of life.

Koot has arrived back from jail. His meeting with Pienkies shows that they are not close. Pienkies does not go to his father, but continues to chop up the cart.

When his father is upset about the destruction of the cart, Pienkies reproaches him. He says ouma Mieta died because they were cold. They did not have money for food, nor did they have any firewood. It is Koot's fault, because if he had not killed his second wife, too, they would still have had a breadwinner.

Pienkies also tells his father that he sold the donkeys in order to buy food. They also bought alcohol with the money and got drunk. His conduct shows that these people are poor on a spiritual level. The children follow the bad example set by their father. There will be no change, because the only joy they know is to get drunk.

Pienkies is very bitter and almost sarcastic. He states that his father should be proud of him, because he took care of the family while his father was in jail. They had to survive on warm water with sugar, but once he had sold the donkeys they had real food to eat.

He sings another song. It seems as if he does not care, but he is actually very bitter.

Koot becomes very angry with Pienkies but Pienkies is just as angry. Pienkies states very clearly that his father taught him how to kill another person.



Die laaste karretjiegraf_SKOOLUITGAWE.indd 17 2015/11/09 3:13 PM